**En selfs die dood…**

Selfs nou word my geloof soms nog verflard –
Ag, God! Daar is maar altyd vrae in ’n mens se hart,

altyd die klein vertwyfelinge wat nie wil genees:
Kan Jy die diepste sin van alles wees?

Jy was so groot oor alle dinge gaan
dat Jy jouself volkome nooit verstaan?

Sal Jy nie ewig met ’n heimwee in my bly soos nou?
En is dit vals as e kso veel op jou vertrou?

Sal ek in plaas van openbaringe miskien
eendag net ’n verleentheid in jou oë sien

en weet dat alles ewig duister kom en gaan
en selfs die dood geen offer is om alles te verstaan?

Digter: Adam Small, 1936
Jaar: 1957 debuut.

Bron: sy eerste digbundel Verse van die liefde. 1957. Culemborg, Kaapstad. Ook in: Gerrit Komrij, Afrikaanse poëzie in 1000 en enige gedichten. Bert Bakker uitgeverij, Amsterdam 1999.

Ekstra inligting:
Op internet: https://nl.wikipedia.org/wiki/Adam_Small